30 Des

Uitgawe 2009/12/30

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Ag dit is louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie. (**Jak.1:2-4**). Deur al ons beproewinge het ons een bemoediging – dat ons verander word daardeur en die karakter van Jesus aanneem. Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. (**Rom.8:28**). ***Vader, dankie dat U ons nooit alleen laat in ons tyd van beproewing nie. Vader, skenk ons asseblief die genade om vreugde te hê in elke beproewing en om U toe te laat om 'n perfekte werk in ons te doen.***

Deurbraak : Iran – prisoniers vrygelaat na 259 dae

'n Bulletin wat deur *Elam Ministries* op 18 November 2009 uitgestuur is, het verklaar dat Maryam en Marzieh op dieselfde oggend vrygelaat is – sonder borgtog. Hulle het Gelowiges van regoor die wêreld geïnspireer. Hul liefde vir Jesus en hul getrouheid teenoor God was 'n wonderlike getuie. Maryam en Marzieh is in hegtenis geneem vir hul geloof op 5 Maart 2009. Hul gesondheid het agteruit gegaan terwyl hul in die tronk was en hul doen so goed soos wat verwag word, hulle verbly hulself in die getrouheid van die Here teenoor hulle. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 20/11/09). ***Hallelujah! Prys die Here vir gebede wat beantwoord was. Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het.*** (**Heb.13:3**).

Bid vir jou gemeenskap : Kinders het hul Pa's nodig

Vaders het 'n groot verantwoordelik teenoor hul kinders. Moenie dat tyd verbyvlieg en jy jou roeping as Pa laat verbygaan nie. Vaders verteenwoordig God teenoor hul kinders. Die manier hoe kinders hul Hemelse Vader sien is baie keer gebaseer op hul ervaringe met hul aardse vader. Al leer jy jou kinders niks anders nie, is dit noodsaaklik om jou kind in die weë van die Here groot te maak. Dit is die plig van die ouer om die kind na die lig van die Here te lei. Oorweeg om die volgende te doen as jy 'n pa is of stel dit voor aan 'n pa wat jy ken om 'n beter pa te word: Behou 'n sagte hart – Erken aan jou kinders wanneer jy 'n fout begaan het. Gee aandag en tyd aan jou kinders – Spandeer individuele tyd met elkeen van jou kinders. Goedkeuring en liefde – maak nie saak hoe jou opvoeding was nie, gee nog steeds baie liefde en ondersteuning aan jou kinders. (Webruimte: http://www.cbn.com/family/parenting/goodwyn_Fathers.aspx, 23/11/09). ***Bid vir vaders in jou gemeenskap; dat hulle die Here se aangesig sal soek oor hoe om hul kinders in die weë van die Here groot te maak. Bid ook vir die herstel van gebroke verhoudings tussen vaders en hul kinders.***

Suid-Afrika : Ekonomie groei

Suid-Afrika se ekonomie is nie meer in resessie nie. Volgens *Statistiek SA* is daar 'n positiewe groei vir die derde kwartaal van 2009. Die seisoenaal aangepaste ware bruto binnelandse produk (BBP) vir die derde kwartaal van 2009 het toegeneem met 'n jaarlikse koers van 0,9% in vergelyking met 2008. Dit volg op afnames van ware jaarlikse ekonomiese groei koerse van 7,4% en 2,8% in die eerste en tweede kwartale van 2009 in vergelyking met die vierde kwartaal van 2008 en die eerste kwartaal van 2009 onderskeidelik. (Webruimte: http://www.fin24.com/articles/default/display_article.aspx?ArticleId=1518-25_2562590, 24/11/09). ***Prys die Here vir die positiewe ekonomiese groei gedurende die derde kwartaal van 2009. Bid vir die diegene wat finansiële besluite maak vir die land. Bid vir diegene wat afgedank is in die tyd, vra die Here om op bonatuurlike maniere aan hulle te voorsien.***

Internasionaal : Meksiko

Plaaslike leiers van Ciudad Juarez – Meksiko se gewelddadigste stad – het die *VN* gevra vir vredevegters om te help om die bloedvergieting onder beheer te bring. Ten spyte van die ontplooiing van 40 000 soldate in Junie was daar nog steeds 6 476 mense doodgemaak in misdade wat verband hou met dwelms. Die mislukte pogings van federale en plaaslike gesag om die bloedvergieting stop te sit het plaaslike besigheidsleiers aangespoor om die VN om hulp te vra en 'n einde te bring aan afpersing, ontvoering en moorde. Die noordelike staat van Chihuahua, waarvan Ciudad Juarez die grootste stad is, is die middelpunt van geweld wat vermoedelik met dwelms gepaard gaan waaraan 14 000 gesterf het sedert die einde van 2006. President Felipe Calderon het 50 000 sekuriteitsmagte oor die land ontplooi nadat hy die amp aanvaar het drie jaar terug, 'n kontroversiële poging wat misluk het om geweld van die dwelmbase stop te sit. Onthofing, aanvalle op die polisie, en skietery in klubs en restaurante is aan die orde van die dag. Dwelmbase het soveel invloed dat hulle selfs sekere gedeeltes van die land beheer. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 20/11/09). ***Bid dat Gelowiges in hierdie land tot God sal uitroep en al die bloedvergieting bely voor die Here. Bid dat elke vorm van korrupsie en omkopery aan die lig sal kom en dat geregtigheid sal seëvier. Vra die Here om President Filipe Calderon te help om hierdie land in reg en geregtigheid te lei.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com